KENNISGEWING AAN ALLE TELEVISIE EIENAARS

Geagte klient,

Digitale TV en Radio sein oorskakeling.

Suid Afrika is tans besig om oor te skakel vanaf analoog na digitale Tv en radio uitsending. Ten einde vir u televisie stel om die digitale sein te ontvang en te ontsyfer, benodig u n dekodeerder of STB.
Indien u dan nie in besit van n dekodeerder is nie sal u in die toekoms geen televisie kanale kan opvang nie.
Hierdie dekodeerders sal binnekort te koop wees by alle groot winkels en handelaars.

Behoeftige huishoudings/families.

Die regering besef dat vele behoefte of minder bevoorregte families beswaarlik hierdie dekordeerders sal kan bekostig. Om hierdie rede het die staat besluit om hierdie STB's 100 % te subsideer aan kwalifiserende minder bevoorregte families/huishoudings.
Om te kwalifiseer vir die gesubsidueerde dekordeerder moet u aan die volgende vereistes voldoen:

1. **U moet 'n Suid Afrikaanse burger wees**

2. **U moet in besit van n funksionele TV stel wees**

3. **U gesamentlike familie inkomste mag nie R3200.00 per maand oorskry nie.**

Indien u kwalifiseer besoek asseblief u naaste Poskantoor met die **volgende dokumente**:

- U geldige identiteits dokument of kaart
- U televisie lisensie/staat of beedigde verklaring vanaf SAPD as bewys van 'n funksionele televisie.
- Bewys van gesamentlike maandelikse inkomste bv. Salaris strokie of SASSA staatof strokie waarop u besonderhede verskyn
- Bewys van woon adres bv. Munisipale of winkel rekening nie ouer as drie maande.

Belangrik:
Die bogenoemde dokumente of gesertifiseerde afskrifte daarvan MOET asb u aansoek vergesel.